# *Skietdag- en Kompetisiereëls*

## Orde Reelings

1. Reg van toegang voorbehou.
2. Daar sal skietbaanbeamptes in beheer wees van die verskillende skietpunte. Geen skoot mag afgevuur word sonder hulle teenwoordigheid of toestemming nie. Alle bevele van skietbaanbeamptes moet gehoorsaam word.
3. Eerste skote sal om 07h30 gevuur word en laaste teiken sal om 16h00 verkoop word. Die laaste aflossing sal om 16h30 plaasvind. Geen verdere skiet sal vir die dag toegelaat word nie.
4. Die beslissing van die Hoof Meetbeampte en Hoof Skietbaanbeampte sal finaal wees ten opsigte van enige reels en kompetisie-aangeleentheid. Die beslissing van die BJV Letaba tak bestuur sal finaal wees ten opsigte van die toekenning van enige pryse. Geen korrespondensie hieroor sal toegelaat word nie.
5. Enige oortreding van die reels **MOET** lei tot die diskwalifikasie van die skut wat oortree. Sodanige gediskwalifiseerde skut verbeur **AL** sy/haar telling en fooie.
6. Elke persoon mag soveel keer skiet as hy/sy wil binne die toegelate inskrywingstyd.
7. Elke skut **MOET** die skietpunt verlaat **EN** ontruim nadat hy/sy deelgeneem het en agter in die ry stelling inneem vir sy volgende kans. Indien die skietpunt nie vol is nie, mag hy/sy in die volgende aflossing skiet.
8. Slegs 3 minute skiettyd sal per aflossing toegelaat word.
9. Slegs skuts mag op die skietpunt wees. Bystand mag in uiterste regverdigbare omstandighede verleen word deur 'n tweede persoon met vooraf toestemming van die Hoof Baanoffisier (voordat skietpunt betree word) maar die bystandspersoon mag nie ten tye van afvuur van die wapen fisies of verbaal in kontak wees met die skut nie. Bystaanders is dus basies daar om toe te sien na die veiligheid van die skut se wapenhantering - byvoorbeeld met kinders wat deelneem.
10. Skuts sal die skietpunt betree deur van die regterkanste trappe gebruik te maak en dit ontruim deur van die linkerkantste trappe gebruik te maak.

## Veiligheidsreels

11. Geen ammunisie mag in vuurwapens of magasyne wees te enige tydstip van die dag nie, tensy 'n skietbaanbeampte u opdrag gee om u vuurwapen te laai.
12. Alle slotte van gewere moet te alle tye oop wees tensy dit (sonder ammunisie) in die geweersak gesit word.
13. Gewere sal in hul geweersakke op die tafels neergesit word totdat die skietbaanbeampte die opdrag gee om die wapens uit die sakke te verwyder.
14. Skuts sal agter die skiettafel staan totdat die beampte u opdrag gee om stelling in te neem en te laai.
15. Slegs vier rondtes per skut word toegelaat en moet in die gaatjies op die houtplank geplaas word. Maak seker dat u die regte kaliber ammunissie het.
16. Daar sal slegs 3 minute toegelaat word om die drie skote aft e vuur nadat die Baan Offisier die bevel gegee het dat die aflossing kan begin. Waar voorlaaiers saam met die aflossing skiet sal nege minute toegelaat word vir drie skote **SLEGS** vir die voorlaaiers.
17. Slegs skuts word op die skietbaan toegelaat – alle toeskouers moet agter die skietpunt wees.
18. Voorlaaier-skuts sal deur die skietbaan beampte beheer word.
19. Geen alkohol word op die skietbaan toegelaat nie. Enige persoon wat hierdie reël oortree of sigbaar onder die invloed van drank op die skietbaan teenwoordig is, **MOET** gediskwalifiseer en gelas word om **ONMIDDELIK** die skietbaan te verlaat.

## Kompetisiereels:

20. **Jaggeweerkompetisie:** Enige senterslag ooglopende jaggeweer R150 vir registrasie en 2 Teikens – R50 per teiken daarna.
21. **Handwapenkompetisie:** 1) Randslag & 2) Slenterlsag – Beide R20.00 per teiken.
22. **Boogskietkompetisie:** R30.00 per teiken
23. **.22 Kompetisie:** 1) Junior's 0/13 R10.00 per teiken – (2) Snr's (13 en ouer) R20.00 per teiken.- eie ammunisie.

    **Die kompetisie behels die volgende:**

    a. 1 Opwarmskoot in die oefen teikenbord word toegelaat. (Opsioneel)
    b. 100m Groepering, 3 skote op teiken, dooierus oor skiettafel.
24. Indien daar nie deur die meters en hoofbaanbeampte, sonder enige twyfel, bepaal kan word dat daar drie (3) skote deur die teiken is nie, sal die teiken geignoreer word vir die kompetisie.
25. Die baanbeamptes wat die teikens ruil sal die teikens wat nie 3 koeel gate in het nie, aan die meetbeampte uitwys. Die teiken met 3 soorgelyke koeel gate sal in aanmerking kom.
26. Indien 'n skut op 'n verkeerde teiken skiet sal hy/sy gediskwalifiseer word vir die betrokke sessie waarin die voorval plaas gevind het.
27. Teleskope met vergrotings vermoe groter as 12 keer vergroting moet by wyse van 'n plakker op die verlange vergroting van die skut, geseel word op enige vergroting van 12 keer of minder. Hierdie verseling word gedoen op die skietpunt, dit word verwag van die skut om die skietbaan beampte in te lig indien sy teleskoop vergroting groter is as 12. Die baanbeampte sal dit dan seel. As die Looptromp dicker as 22mm is (gemeet deur baan beampte) sal die skut nie daardie wapen gebruik.
28. Enige senterslag of voorlaaier jaggeweer met teleskoopvergroting van 12 of kleiner, met loopdikte by die tromp van 22mm of kleiner en looplengte van 660mm(26") of minder sal toegelaat word. Die geweer moet 'n ooglopende jaggeweer wees. Blitsbrekers en knaldempers is toelaatbaar.
29. Slegs die 5 sandsakkies wat op die tafels voorsien is mag gebruik word – geen eie driepote of ander tipe rus of hulpmiddels word toegelaat nie.
30. Eie ammunisie (gekoop of gelaai) mag gebruik word.
31. Indien die Eerste plek 'n gelykop uitslag is, sal die betrokke skuts se tweede beste teiken in bereking gebring word. Indien steeds gelykop, sal na die derde beste teiken gekyk word.
32. Teikens moet die volgende inligting op he:

    (a.) Voorletters en Van (b) Kaliber (c) BJV Lid nommer / toegekende nommer (d) Kategoriestempel (e) Teiken- & Skietpunt nr.
33. Geen teiken sal twee keer gemeet word nie. Kwalifiserende Teikens word elektronies gemeet.
34. Daar sal slegs een (Ope) kompetisie wees, Junior's en Dames sal nie in aparte kompetisies deelneem nie.
35. Deur in te skryf vir hierdie kompetisie, onderwerp elke deelnemer hom/haar aan die reels soos uiteengesit hierbo.
36. SLEGS een teiken per skut sal in aanmerking geneem word vir die kompetisie alhoewel die hoeveelheid teikens per skut nie beperk is nie. Elke skut kan dus probeer om sy beste te verbeter deur soveel teikens te skiet as wat hy/sy wil maar slegs een (normaalweg die beste groeperingsteiken) sal in aanmerking geneem word om 'n prys te wen. Sodoende kan meer skuts 'n geleentheid kry om 'n prys te wen.
37. Die algehele wenner ontvang 'n wisseltrofee asook die Hoofprys. Pryse sal toegeken word soos deur die Vereniging goed gedink word.